**Oktober 2018**

## Wêreldekonomie

Die Verenigde State(VS) se Bruto Binnelandse Produk oortref die verwagting in die derde kwartaal van 2018 met groei van 3,5% kwartaal-tot-kwartaal. Die voortslepende VS-China-handelsoorlog kan die grootste risko vir wêreldwye finansiële markte wees sedert die wêreldwye ekonomiese krisis, sê Jameel Ahmad, wêreldhoof van valutastrategie en marknavorsing by die buitelandse valutamakelaar FXTM. Die handelspanning het pessimisme oor die wêreldekonomie aangewakker met fondsbeleggers wat sogenaamde riskante bates vermy ten gunste van 'n "veilige hawe" soos goud. Die skuif is volgens Ahmad nadelig vir geldeenhede van ontluikende markte, soos die rand. In sy Wêreld-Ekonomiese Vooruitsigverslag het die IMF sy voorspelling vir wêreldwye groei met 0,2 persentasiepunte tot 3,7% verlaag. Groei in die Duitse private sektor het volgens 'n opname tot sy laagste vlak in meer as drie jaar verlangsaam, aangesien vervaardiging en dienste albei momentum verloor het, wat 'n teken is dat Europa se grootste ekonomie die vierde kwartaal swakker begin het.

## SA Ekonomie

Die Minister van Finansies, Tito Mboweni, se eerste groot beleidsverklaring sedert hy na die kabinet teruggekeer het, het die Tesourie se groeivoorspelling amper gehalveer, terwyl 'n geleidelike groei in skuld en lenings voorspel is. Die begrotingsbeleidsverklaring is "uitgereik op 'n tydstip van baie lae ekonomiese groei, dus lei dit uiteraard tot laer inkomste", het mnr. Mboweni gesê. SA inflasie is marginaal hoër as wat verwag is, 4,9% jaar-tot-jaar in September. Die werkloosheidskoers het in die derde kwartaal tot 27,5% versnel van 27,2% in die tweede kwartaal van 2018, volgens die kwartaallikse arbeidsmagopname. SA het 'n handelstekort van R2,95 miljard in September aangeteken. Dit volg op Augustus se hersiene surplus van R8,77 miljard vanaf R9,79 miljard. Die Absa vervaardigingskoopbestuurdersindeks (KBI) het tot 42,4 punte in Oktober van September se syfer versleg. Die Departement van Handel en Nywerheid se syfers toon dat nuwevoertuigverkope 51 866 beloop, 'n 1,7%-verbetering op Oktober 2017 en die beste maandelikse syfer sedert Oktober 2015. Die mark vir die jaar as geheel bly egter af. Voertuiguitvoere spog met 'n 21%-verbetering in Oktober.

## Tendense en geleenthede

- Die SARB verwag dat rentekoerse in die volgende twee jaar gaan styg.
- Die SA werkloosheidskoers versnel steeds.
- Die VS BBP groei teen 3,5% kwartaal-tot-kwartaal.

*"An expert is not someone who gives you the answer, it is someone who asks you the right question"- **E.M. Goldratt***

**RvD de Kock** **PJ de Jongh**